

# NUUSBRIEF 4/2015

## *Beste mede Telers*

Na die afgelope suksesvolle Brahman Expo te Parys, 'n suksesvolle Pretoria skou sowel as 'n suksesvolle bylaag van hoë standaard, wil ek graag die volgende onder u aandag bring want dis so lekker om deel te wees van 'n dinamiese proses met gemotiveerde lede wat soms mag verskil maar tog dieselfde liefde en passie oor Brahmane deel. Baie geluk aan al die vertoners van uitstekende beeste waarop u en ons as lede so trots is. Ek wil graag meer nuusbriewe aan u stuur want ek wil u ingelig en gemotiveerd hou sodat ons almal as span kan saamwerk tot voordeel van ons Ras en ons opvolgers.



### **Aksies 2015:**

Binne die bestek van 'n kort tydperk het die Raad verskeie aksies goedgekeur en tot uitvoer gebring. Die eerste aksie was om 'n reeks streeksbesoeke te doen om Telers ten volle te ken in die besluite. Oorweldigende ondersteuning van ons Telers, het ons in 'n posisie geplaas om hierdie aksies in werking te stel. Die projekte sluit in onder andere:

- Geordende bestuur van ons finansies.
- Rasverbeteringsprojekte, wat insluit die BGP program wat 'n 10 jaar projek is en moontlik langer.
- Opleiding wat die behoefte aan keuring bekostigbaar aanspreek en die inwerkingstelling van die dinamiese "B" brand. Normale opleidingsaksies soos beoordelaarskonferensie, kursusse en boeredae.
- Promosie en bemarkingsaksies met 'n 4 jaar besigheidsplan wat insluit:
  - o Marknavorsing onder Telers, voerkrale en kommersiële telers.
  - o Daarstel van nuwe reklame aksies (branding).
  - o Die bylaag projek met 7 bylaes oor 4 jaar.
  - o Die verkryging van borge vennootskappe oor die 4 jaar tydperk. Nog nooit in die geskiedenis was dit so suksesvol onderhandel.
  - o Samewerkingsooreenkomste met die Media, Universiteit en die LNR.
  - o Verkryging en bestuur van nagraadse student/e om te help met navorsing en die bylaag artikels.
  - o Die samestelling en bestuur van die "nuwe" joernaal. Brahman Expo Parys (±380 beeste). Aanbieding van die Nasionale veiling sowel as die semenveiling gedurende die Presidentsdinee (R130 000 inkomste vir die Genootskap)

PREMIUM SPONSORS  
PREMIUM BORGE



- Die puik aanbieding van die Presidentsdinee
- Uitbreiding met verhoudings en bevordering van ons beeste in Suider Afrika

Gedurende bogenoemde tydperk was daar gereëld terugvoering gegee aan ons lede deur middel van nuusbriewe, Presidents- en komiteeverslae gedurende die Algemene Jaarvergadering. Verslae wat in die eerste bylaag verskyn het en baie wyd verspreid is.

### **Besoek Zambië en Zimbabwe:**

Die behoefte om verhoudings met buurlande te bevorder was reeds deur ons voorgangers erken en in sekere gevalle onderneem. Na die wêreldkongres het uitvoere na buurlande geweldig toegeneem en vind steeds plaas. Die Raad het die voortsetting van die aksie onderneem in die belang van al ons Telers en ons Ras. Die nodige begrotings is hiervoor gedoen en gedurende Julie 2015 is die President, Jan van Zyl en Johan Norval van Landbou Weekblad(eie koste) afgevaardig om bogenoemde lande te besoek. Die doel van die besoek om verhoudings en markte vir ons beeste te bevorder. Sodoende ook die onderskeie partye te betrek in ons reklame aksies. Verslag was gelewer soos bo vermeld en ek wil u verseker vir die blootstelling wat ons verkry het is dit baie belangrik om met die aksies voort te gaan. Dit was ook vir ons baie duidelik dat ander rasse reeds bedrywig is met groot welslae in die gebiede. Daar bestaan 'n vraag na ons genetika en een van die aksies wat sal moet plaasvind is om semen van ons erkende bulle beskikbaar te maak met 'n moontlike Genootskap promosieaksie wat sal volg.

### **Bylaes**

Baie dankie aan almal wat in die bylaag geadverteer het. Wees verseker dat die aksie tot almal se voordeel sal strek want die klem word op Brahman as die voorkeur-ras geplaas. Die terugvoer wat ons kry is oorweldigend en ek haal graag vir u aan:

- 1) Willie Bekker: "Die beste reaksie wat ek nog ooit uit enige reklame aksie ondervind het"
- 2) Jan Serfontein: "My advertensie in die bylaag was so suksesvol dat ek klaar 'n volblad ipv 'n halfblad vir die volgende bylaag bespreek"
- 3) Riaan Theron: "Baie navraag gekry tov my advertensie van mense wat my bulle wil koop. Navrae wat ontvang was, het uit verskeie oorde gekom soos Namibië, Botswana en Zimbabwe. Verseker sal ek weer 'n volblad neem met die volgende bylaag."
- 4) Willem Barnard : "Nadat ek die bylaag deurgelees het, het ek net weer besef dat jy nie anders kan as om met Brahmane te boer nie"
- 5) Pieter Massmann: Beste Jan

Nou kan ek sien waarom jy so opgewonde was toe jy my oor die versamelaarsbylaes gebel het.

Baie geluk, dis 'n wenner! Van die beste LBW bylaes in 'n lang tyd.

PREMIUM SPONSORS  
PREMIUM BORGE



Julle het egter 'n probleem en dit is om 'n verdere 6 bylaes van dieselfde hoë standaard te publiseer – voorspoed daarmee.

Something terrible happens when you don't advertise! .....nothing.

C Peter Massmann

6) Andre du Toit BKB – 10 September 2015: Ek het vanoggend die bylae gekry. Wow....dit is hoe dit gedoen moet word. BKB is trots on deel te wees.

Baie geluk

Ek wil elke lid vra om van die eksta kopieë van die bylaag wat in Afrikaans en Engels beskikbaar is gratis te neem om aan die Landbouskole, jou eie kopers, jou mede-kommersiële boer en opkomende boere beskikbaar te stel dat ons die boodskap kan versprei oor “Waarom Brahman in Suider Afrika“. Die boeke is by jou streeksvertegenwoordiger en die kantoor beskikbaar en dis 'n kragtige bemarkingshulpmiddel – selfs al het jy nie self daarin geadverteer want jou kopers en mede-boere ken jou in jou area maar daar is kommersiële boere wat deur hierdie bylae sy denkrigting en keuses oor Brahmane gaan verander en jy moet help om die boodskap na hom te versprei en moenie die opkomende boere se koopvermoë onderskat nie – dis 'n snelgroeiende mark wat ons moet ontgin en benut.

### **Presidentstoekennings:**

Verlede jaar was daar riglyne gestel vir Presidentstoekennings en **die dagbestuur** het eenparig besluit op die toekennings hierdie jaar gedurende die Presidentsdinee.

Baie geluk aan alle ontvangers. Dit is heerlik om lede en vriende te hê waarop ons trots is en aanvaar jou toekenning as 'n blyk van waardering en beloning op jou harde werk.

Spesiale geluk aan Llewellyn Labuschagne wat ingelyf en vereer is deur Die Brahman Beestelersgenootskap van Suid-Afrika se “Hall of Fame” vir sy uitsonderlike toewyding, opoffering en bydrae tot die Brahman in Suider Afrika.

### **Skoufoto's Joernaal**

Die opleidings- en joernaalkomitee sal die aangeleentheid hanteer en verseker dat erkenning aan Ras-Kampioene by die onderskeie skoue in die November Joernaal verskyn. Ek doen 'n beroep op skou-organiseerders om vir Karin Botha by ons kantoor 'n volledige verslag van skougebeure asook prysweners en foto's as u beskikbaar het te voorsien vir gebruik in die joernaal. Dit sluit ook slagskompetisies en jeugskou prestasie in. Help ons om volledig verslag in die Joernaal te kan doen. Die sukses gaan bepaal word deur u samewerking. Ons waardeer u hulp en insette.

PREMIUM SPONSORS  
PREMIUM BORGE



Hollard



## Griewe prosedures


Die Raad het 'n regs- en etiek komitee met Riaan Theron as die voorsitter. Sy e-pos adres is [riaan@rsms.co.za](mailto:riaan@rsms.co.za). Ons versoek alle lede wat griewe en of besware oor enige aangeleentheid het om sy of haar besware, versoeke en probleem op skrif te sit wat dan aan die Raad voorgelê sal word wat dan weer op skrif terugvoering sal gee. (Indien hy namens ander ook optree laat hulle, hulle name op die brief sit en dit onderteken). Indien hy dit nie op skrif sit nie gaan dit nie hanteer word nie en so moet ons alle probleme in die toekoms hanteer.

## Ter afsluiting

As President en as Raad weet ek dat ons ook foute gaan maak, dit is egter spesiaal om deel te wees van 'n dinamiese Raad wat positief ingestel is en ons Ras eerste stel. Gelukkig is die Ras groter as mense en met ons formidabele ras gaan hy van krag tot krag en vergewe ook die mens hulle foute en floreer saam met positiewe telers. Dankie dat u deel is van daardie uitgesoekte en bevoorregte groep waarop ons as Raad trots en dankbaar is. Kom ons aanvaar dat ons grootste opposisie nie ons mede-Brahman telers is maar ons opponerende rasse wat hard werk om hulle markaandeel te vergroot. Ons kan dit slegs teëwerk wanneer ons saamstaan as 'n verenigde front en vir die bedryf wys dat ons leiers ipv navolgers is en daarom is ek trots dat ons nuwe inisiatiewe onself vestig as leiers.

Albert Loubser van Veeplaas is reg wanneer hy sê: "Dit gaan goed met beesrasse in die wêreld waar daar groot kommersiële kuddes van daardie ras in 'n land bestaan". Kom ons maak dit ons doelwit dat ons, ons ras gaan uitbou en bevorder deur positiewe denke en optredes

Beste Groete



Wessel Hattingh: President  
Brahman Beestelersgenootskap van Suid-Afrika

PREMIUM SPONSORS  
PREMIUM BORGE

